




CACHET[†]
GEREFORMEERDE KERK

8 November 2020



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse erediensteSondae 9:30 & 18:00In die Gemeentesentrum (GS) op die
NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28**Kerkkantoor in die GS**Lulu Coetsee – 018 294 4894
of 079 494 7360

Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

English worship serviceSundays 11:00In the Church House on the
NWU-PUK Campus, Hoffman street 28**Predikant**

Brahm Robinson – 064 656 1374

brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Susters:Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com**Koster & Powerpoints:**Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com**Vir vervoer na eredienste
& kerkaksies:**Zard Aucamp –
061 638 5247**Erediens preke & oordenkings:**<http://gkcachet.org.za/preke/>**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**<https://npwepener.wixsite.com/website>**Hulppredikante:**Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com**Jubila-voorsitter:**Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com**Bankbesonderhede:**Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

Liturgie: Oggenddiens 8 November 2020

Teologiese student Izak van der Westhuizen

Votum en Seënbede

Lofpsalm: Psalm 111-1:1, 2, 3, 4, 5

Geloofsbelydenis

Wet

Sing: Psalm 86:1, 3, 4

Gebed

Sing: Psalm 89:1, 2, 3, 6

Woordbediening: Maleagi 1

Tema: God is ons getroue Vader wat lief is vir ons; ons moet Hom eer deur ons hele lewe te leef as offer vir Hom

Gebed

Liefdegawes

Sing: Psalm 146:1, 3

Seënbede

Amen: Skrifberyming 13-3

[Uitsending](#)

Liturgie: Aanddiens 8 November 2020

Ds Brahm Robinson

Votum en Seëngroet

Lofsang: Skrifberyming 4-4 [4]:2, 3, 5

Woordbediening: Matteus 2:1-12

Tema: God se openbarings getuig van Christus se koningskap

Gebed

Liefdegawes

Sing: Psalm 19-1:2, 4

Uitstuurseën

Amen: Skrifberyming 13-3

Kerssang

[Uitsending](#)

gedagte vir die week

Loof almal, saam, o leërmagte,
wat Hom omring as troue wagte!
Loof, blink, gesternte, maan en son:
Hy is van alle lig die bron.

Psalm 148:1b (Totius)

CACHET

Lief en Leed:

† Izak van der Westhuizen en Carolien van Renssen het die afgelope week verloof geraak! Baie geluk julle! (Hoogl. 4:9)



† Tannie Ems en Oom Fanie Jooste se kleindogter is 5 weke te vroeg gebore. Baie geluk! Ons is baie dankbaar dat dit goed gaan met haar! (Spr. 17:6)




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:


Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>
Oggend 1ste kollekte:
 Diens van Barmhartigheid

 EFT vir kollektes:
 ABSA Tjekrekening
 0670280012
 Takkode: 632005
 Verwysing:
 • Diens van Barmhartigheid
 (deponeer elke kollekte apart)
Vir die werk van die diakonie:


Snapscan vir tweede kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>
Aand 2de kollekte:
 Ramings –
 Klassis Potchefstroom

 EFT vir kollektes:
 ABSA Tjekrekening
 0670280012
 Takkode: 632005
 Verwysing:
 • Ramings –
 Klassis Potchefstroom
 (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

9 November Leon Haasbroek

13 November Ruan van der Spoel



*wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om u troon.*

Psalm 8:4



Administratief

1. Jubila

Baie dankie aan Jubila en almal anders wat gehelp het vir die heerlike dinee vanaand!

2. Ampsdraers

Izak van der Westhuizen sal DV Sondag tydens die aanddiens losmaking uit die amp van ouderling ontvang.

3. Kerssangdiens

Ons het Sondag 'n kerssangdiens na afloop van die aanddiens. Bring gerus familie en vriende saam vir hierdie spesiale geleentheid.

4. Nagmaal

Die kerkraad het besluit dat ons Sondag, 22 November, tydens die aanddiens nagmaal gaan vier. Indien u saam wil nagmaal vier, laat asseblief u wyksouderling sodat ons die nodige reëlings m.b.t. COVID-19-regulasies vroegtydig kan tref.

5. Cachet Verblyf

Daar is nog een dubbelkamer beskikbaar in die GS woonstelle vir volgende jaar. Indien u weet van iemand wat sal belangstel om hier te bly, kontak asseblief vir Ds Brahm.

Cachet is graag opsoek na 'n tweedehandse randsnyer ("brush cutter"). As u miskien een het of nie gebruik nie, kontak asseblief vir Willem van der Meer (073 021 6871)





Met opgewondenheid en blydschap nooi ons u hiermee uit om deel te wees van ons Jubeljaar ter viering van Gereformeerde Kerk Cachet se 50 genadejare.

Enige en alle lidmate van Cachet (hede en verlede) word hiermee opgeroep om saam te kom feesvier!

Die volgende geleenthede word beplan:

- | | |
|------------------------------------|------------------------------|
| •DV 18 – 22 Maart 2021: | Fees(fiets)toer na Zorgvliet |
| •DV 29 April 2021 – 17 Junie 2021: | 50dae Uitdaging |
| •DV 17 Junie 2021: | Lofsangaand |
| <i>(Amptelike verjaardagdatum)</i> | |
| •DV 27 – 29 Augustus 2021: | Feeskamp te Nooitgedacht |
| •DV 1 – 3 Oktober 2021: | Feesnaweek en Dinee |

Navrae kan gerig word aan die kerkkantoor by 0794947360.



CACHET KERSSANG

**Kom sing en
luister saam!**

**8 November
Direk na die
aanddiens.**

Kruispad e-tydskrif

GKSA Jeug



Die wonder om die Bybel in Afrikaans te kan lees!

Hierdie maand bring vir ons die groot nuus dat die nuutste vertaling van die Bybel in Afrikaans beskikbaar is. Nou wonder jy dalk: Moet ek hardloop en die nuwe vertaling gaan koop? Is my Bybel nou skielik verkeerd? Ons glo dat die hele Skrif deur God ingegee is (2 Timoteus 3:16-17) en dat dit die Here is wat met ons praat wanneer ons Bybel lees. Die Bybel is nou wel deur mense, met gebreke en vaardighede en al, geskryf, maar dit is onder leiding van die Heilige Gees gedoen. Net so, wanneer ons met die Bybel besig is, werk die Heilige Gees binne ons om ons oë vir die evangelie oop te maak. Dit sal dan ook so wees ongeag van watter vertaling jy lees.

Die rede hoekom daar nuwe vertalings verskyn is omdat die vertalings of nader aan die oorspronklike taal, of nader aan die spreektaal vertaal word. Dit kan van groot waarde vir jou wees om die Skrif vanuit 'n ander perspektief te sien. In [hierdie maand se artikels](#) kyk ons onder andere [wat die 2020-vertaling anders maak](#), en [hoe die Afrikaanse Bybel ontstaan het](#). Gaan lees ook op dié nuwe vertaling se webwerf al die [vrae en antwoorde](#). Dit is baie interessant! Jy kan byvoorbeeld lees hoe daar besluit is om die vertaling te benader en sekere woorde te hanteer.

Ongeag van waar, hoe en wanneer jy die Bybel lees, bid dat jy sal verstaan wat jy lees. Koester die Woord van God wat jy in jou eie taal kan lees!

Vriendelike groete

Die Kruispad-redaksie



Nuus: Die 2020-Bybelvertaling is hier!

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel met trots die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bekend. *Kruispad* het meer inligting daaroor. [Lees die artikel hier.](#)



Antwoord: Hoe het die Afrikaanse Bybelvertaling ontstaan?

[Lees die pad van die Afrikaanse Bybel hier:](#) Van waar die Nederlandse Statevertaling Suid-Afrika toe gekom het, tot waar die 2020-vertaling die lig sien.



Insig: Hoekom is dit belangrik om die Ou Testament te lees?

Het jy al gesukkel om die geskiedenis van die Ou Testament te lees, en gewonder hoe dit op jou geloof vandag van toepassing is? *Kruispad* het die antwoord gaan soek. [Lees die artikel hier.](#)



Antwoord: Hoe gebruik predikante die oorspronklike Bybeltale?

Het jy al gewonder hoekom predikante die oorspronklike tale van die Bybel bestudeer? Ds. Werner Brotherton vertel ons hoe dié brontale gebruik word. [Lees hier.](#)



Bybelstudie: Bly by dit wat die Woord leer

Doen hierdie Bybelstudie oor 2 Timoteus 3 en leer weer hoekom dit so belangrik is om getrou aan die Bybel te bly. [Kry die Bybelstudie hier.](#)

KLIK HIER VIR ARTIKELS OOR DIE WOORD VAN GOD

"DIE WOORD VAN GOD IS
lewend & kragtig."

HEBREËRS 4:12

Artikels oor die Woord van God

Laai hierdie nuusbrieff as 'n PDF-dokument af wat jy kan deel

Deel die blye boodskap!

Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op die skakel hierbo om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons [webwerf](#): Elke artikel het 'n druk-opsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!



maandeliks. gratis. gereformeerd

WWW.KRUISPAD.NET

Nuus vanaf Admin Buro



Beroep aanvaar:

Ds JC van Dyk (Jannes) van GK Ventersdorp na
GK Potchefstroom

Beroepbaarstelling ingevolge KO, artikel 11:

Ds MJ Nkili (Jafta)

Ds Z van 't Zand (Zander)



[Radio Scriptura: Kerkmusiek en Himnologie Episode 2](#)

Vorige Episode: [Kerkmusiek en Himnologie Episode 1](#)



MEER OOR ONS

Die kerk speel 'n kritieke rol in die wêreldbeskouings van Suid-Afrikaners.

Geleenthede word gesoek om die Christelike leer en die betekenis daarvan uiteen te sit vir die kerk se eie gemeentelede. Die Evangelie moet ook uitgedra word na plekke en mense wat dit nie ken nie of 'n gebrekkige kennis daarvan het.

'n Belangrike manier om meer mense en plekke te bereik is die skep van Christelike videomateriaal van uitsaai-kwaliteit. Dit sal gelowiges van jonk tot oud inlig, toerus, bystaan, vermaak, inspireer en fassineer op 'n digitale mediaplatform wat maklik bereikbaar is.

Die Virus het 'n impak, dit is onvermydelik!

Die Impak



Kyk wat volg in die nuusbrief.

- » Wat sê die publiek?..../bl.2
- » Kerkmusiek & die belangrikheid daarvan..../bl.2
- » Moslem geloof & wat dit behels.../bl.2
- » Dagstukkie deur Petrus van Blerk..../bl.2
- » Speletjies om jou kennis te toets..../bl.3
- » Nuwe vrystellings..../bl.4

Kerkmusiek & die belangrikheid daarvan.

Ds. Hannes v.d Merwe bied aan: Kerkmusiek & die belangrikheid daarvan in die reeks *Kerkmusiek die draer van hoop*. "Dit is niks anders as die geloofsbeleid van die kerk nie. Die kerk & die gelowiges wat opgehou sing het, het opgehou om die lewens asem in te asem, daar was toetse gedoen om te bewys dat jy jou linker & regterbrein gebruik deur te sing, dit kom onder jou vel in & word dus geïnternaliseer. Musiek is nie net vir een generasie nie, maar wel dat dit aangepas is oor tyd & is dus Universeel."

- Ds. Hannes v.d Merwe

Wat sê die publiek?

"Die feit dat ek met my verlede gekonfronteer is in hierdie inperkingstyd was moeilik, ek het geen afleiding gehad nie & staar toe die finansies in die gesig. As 'n enkel ma met 'n klein besigheid was daar groot uitdagings. Ons moet mekaar bewus maak & op 'n positiewe manier inspireer, ons moet saam span en ook dink aan ander mense se ongemak."



- Anri Hamelink
Enkel ma & plaaslike
haarkapper

Die moslem geloof & wat dit behels

"My vakgebied waarin ek doseer is godsdienwetenskap. Uit die aard van die veld doen ek navorsing oor ander godsdienste. Maar ek is ook deeglik bewus dat ons in 'n land bly met vele godsdienste en kulture. Baie mense woon en werk saam met mense van ander godsdienste. Die vraag het by my opgekom, soos ek seker is, ook by baie ander mense, hoe moet Christene oor mense wat deel is van die Islam godsdien is, dink?

Ek het besef dat kennis oor mekaar skep 'n veilige ruimte om van mekaar te leer en van mekaar te verskil.

In gesprek met Moslems sal Christene talle kere hoor dat ons eintlik dieselfde God aanbid. Wanneer ons meer oor die Islam godsdien leer, besef ons dat dit nie waar is nie. Elkeen van ons se vooropgestelde, oningeligte idees oor ander, word getemper wanneer ons kennis van ander het.

Op die oomblik word daar talle boeke oor Islam gepubliseer. 'n Mens moet versigtig kies wat om te lees aangesien baie mense bevooroordeelde persepsies oor Moslems wil skep. Lees nugter en vra jouself af of jy gemaklik sou wees as iemand oor jou godsdien sulke stellings kwytraak."

- Prof. Jaco Beyers

Dagbooskap van liggaamlike sowel as geeslike voedsel.

"Ek was eendag besig om Daniël te lees, ek is baie lief vir die ou testament, kinders kan maklik met die beeld wat in die boek voorkom assosieer.

Ons moet versigtig wees om nie 'n direkte koppeling te maak met dit wat ons fisies inneem met ons geestelike voedsel nie, tog is ons liggaam & siel 'n eenheid.

Geloof moet deel vorm van alles wat jy doen, ons sê ook dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves.

Vir ons as gelowiges is dit ook belangrik om te onthou dat ons 'n opdrag het om geestelik te groei en moet waak teen "gemorskos" wat ons liggaam kan aftakel. Beide is belangrik."

- Ds. Petrus van Blerk

Het jy die laaste videos gesien wat handel oor die Impak?

Hier is n paar speletjies om jou kennis te toets.




Die Impak

ANGSTIG
HOOP
LEEFSTYL
SKOLE
VERANDERINGE

BESIGHEID
HUISHOUDINGS
ONSEKERHEID
STORIES
VERSORG

FINANSIES
INPERKING
PANDEMIE
TUISTESKEPPER
WERKLOOSHEID

V E R S O R G R X L I U Q N N
M E N P Z N R Y Y N I B I P G
D I M Y V S G T A S F Q E E S
I M R K P B S N T S H G M R T
E E Z H O F S E T V N P W K I
H D X X E I S O G I H L V I G
S N C E E K R I R Z W L B N T
O A L S E I R E W T B D T G L
O P J P E F D I E H G I S E B
L S P S G N I D U O H S I U H
K E F K A P J R I A O Y A N P
R Q D R E L O K S C J D I Q T
E H E H T L G O M C E D T S F



AF

1. niks maak sin nie
4. om na iets uit te sien
5. dit wat maak dat jou lewe geaffekteer word
6. om te gaan van een land na 'n ander land

DWARS

2. bly tuis
3. 'n vroulike ouer
5. 'n werk wat jy doen vir 'n inkomste
6. 'n siekte wat versprei
8. 'n manlike ouer
10. nie in 'n verhouding nie

Die antwoorde van hierdie blokkiesraaisel sal in die volgende maand se Pitkos beskikbaar wees.




Nuwe Vrystellings

GLO MEDIA^{TV}


Gemeenskap van Gelowiges Aanlyn




MMT | TRAUMA: 'n saak wat ons almal ten diepste raak



MMT | Tieners tydens grendeltydperk



Mene Mene Tekel | TRAUMA: In gesprek met Dr. Jerry bezuidenhout oor 'n gesonde lewe



Oopkyk | Diep in die Hart van Eva



MMT | TRAUMA wat 'n impak het op almal van ons



Oopkyk | 'n Moord is gepleeg



Kerkmusiek | Kerkhervorming



FINALE OPVATTING
EN ADVIES

DIE
Die Impak | Finale opvatting &
advies
IMPAK

Stories vanuit die inperking


BINNEKORT BESKIKBAAR



Seisoen 4 van
Dagboodskappe



Mense & hulle stories Dr.
André Ungerer en Kees



Kerkmusiek | EP08;
Kerkmusiek Kersfees liedere